

Sing vooraf staande: Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
krachtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 136:1, 2, 3 (p. 660)

- 1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 3 Loof die God wat onbeperk / wonders in sy almag werk;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Geloofsbelydenis

Wet

Psalm 38:1 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.

Gebed

Psalm 51:8 (p. 262)

- 8 Gebroke hart en gans verslae gees – / dit is u offers, HEER! Geen altaardiere,
geen bloed of vet van kleinvee of van stiere, / kan voor u oog die ware offers wees.
Doen goed aan Sion, wees dit welgesind, / en bou weer op Jerusalem se mure;
dan sal ons hand die regte offers vind, / brandoffers opgeur uit die altaarvure.

Skriflesing: 1 Korintiërs 10

Teks: 1 Korintiërs 10:8; Kategismus Sondag 41

**En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en
daar het op een dag drie en twintig duisend geval.**
(1 Korintiërs 10:8 AFR53)

Die sewende gebod is een van die geboie waarmee mense die meeste skade aan hulleself en
aan hulle naastes doen. Hierdie gebod leer ons dat die Here Hom baie ontstel oor enige vorm
van onkuisheid omdat hierdie gebod die verhouding tussen die kerk en die Here simboliseer.

1. Die Here se siening van onkuisheid

2. Die huwelik is 'n skeppingsordinansie

1. Die Here se siening van onkuisheid

Hierdie gebod handel oor 'n liggaamlike vlak maar terselfdertyd oor die geestelike
verhouding tussen ons en die Here.

- Op die vlak van die liggaamlike leer dit ons wat ons roeping binne en buite die
huwelik is. Ons moet kuis lewe.
- Wanneer ons dit kan regkry, leer die Bybel ons dat die Here ons liggaam en siel – en
die gemeente s'n – bewaar.

Van die begin af, het die Here lang waarskuwings teen die oortreding van hierdie gebod laat neerskryf.

- Levitikus 18 en 20 het 'n lys van oortredings wat almal verband hou met die sewende gebod – en op almal gebied die Here die doodstraf.
- Op 'n ander plek bepaal die Bybel dat mense wat onkuise dade doen, verbrand moet word.

Die doodstraf en die straf van verbranding is natuurlik simbolies van die ewige dood en die hel wanneer mense in hierdie sonde volhard omdat hierdie sonde verbreking van gemeenskap met die Here uitbeeld.

Die Here gee redes waarom Hy so ernstig is teen hierdie sonde:

- Die eerste is omdat hierdie sonde die liggaam en die siel van die mens verderf.
 - God het elke mens na sy beeld geskape. Dit veronderstel dat ons met ons volle menswees die heiligheid van God moet uitbeeld.
 - Ons moet selfs in ons gedagtes die onberispelike van die Here navolg.
 - Nou gebeur dit so dat onsedelikheid die siel van die mens van God afskei omdat die onreinheid van hierdie gebod verbreking met die Here beteken en bewerk, want die Heilige Gees wil nie in 'n besmette tempel woon nie.
 - Daarom noem die Here godsdiensverval en afgode-aanbidding “weghoereer” van Hom af.
- Die tweede rede is dat hierdie sonde God se instellings verderf.
 - Die huwelik is die heel eerste instelling tussen mense wat die Here ingestel het. Dit is bedoel om die fondament te wees waarop die hele wêreld-geskiedenis moes ontwikkel.
 - As die huwelik in duie stort, is dit vanselfsprekend dat die kerk en elke vlak waar die mens beweeg, hierdeur geraak gaan word.
- Die derde rede waarom die Here beslis is oor hierdie sonde, is omdat die mense mekaar verderf deur hierdie sonde.
 - Onkuisheid lei in baie gevalle tot verdere sondes. Daar kom baie keer dinge soos bedrog, oneerlikheid, leuens, selfregverdiging en selfs moord by.

Daar is veral twee gedeeltes in die Bybel waaruit hierdie dinge duidelik is.

- Die een gedeelte is Galasiërs 5:19 waar die Here leer dat *die praktyke van die sondige natuur* algemeen bekend is, naamlik onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid.
- Die ander gedeelte is 1 Thessalonicense 4:3 waar die woorde staan:

Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. (1 Thessalonicense 4:3 AFR53)

Om alles saam te vat:

- Onkuisheid besmet die mens so dat hy sy beeldskap van God – sy hoogste mooi – nie ten volle kan vertoon nie.
- Dit verlaag ons lewensvertoon van dié van 'n kind van God af na iemand toe wat die vernietigende werk van die duiwel navolg.
- Daarom wyk die Here se genade ook van mense wat hiermee volhard, en gaan hulle gebuk onder die vloek van die ellendes wat deur hierdie sonde veroorsaak word.
- Dit is waarom die Bybel nog in die laaste paar verse aankondig dat die hoereerders buite die koninkryk van God staan.

Die Here leer ons dat Hy nie wil sien dat ons liggame met skande beklee word nie, want

- *ons liggame is sy tempels,*
- *en dit is vir Hom baie heilig.*
- *Die Heilige Gees woon daarin, en daarom moet ons dit suiwer en heilig hou en bewaar.*

2. Die huwelik is 'n skeppingsordinansie

Let op hoe die eerste huwelik tot stand gekom het. Die Here het vir Adam een vrou gemaak. Hulle moes in liefde met mekaar saamwoon. Daarmee het die Here 'n bepaalde reël (ordinansie) vir die mens in die gang van die geskiedenis vasgelê: een man trou met een vrou.

- Die feit dat die Here vir Adam net een vrou voorsien, openbaar dat dit is hoe die Here dit voortaan wil hê.
 - Hierdie twee mense moes hulle roeping saam teenoor die Here nakom.
 - Verder moes hulle al hulle lewensaktiwiteite met inagneming van mekaar inrig.
- Hulle roeping is om deur hierdie huwelik hulle bestemming na God toe uit te werk.
 - Die grondslag is liefde vir God en liefde vir mekaar.
 - Onkuisheid is 'n valse vorm van liefde omdat dit lynreg teen die wil van die Here ingaan.
 - Van buite af mag dit aantreklik lyk, maar van binne is dit leeg omdat daar geen vastigheid en eerlikheid in is nie.

Die Here Jesus het eenkeer vir 'n groepie manne wat rondom Hom gestaan het, die volgende woorde gesê:

Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds met haar egbreuk gepleeg het. (Matteus 5:27, 28 AFR53)

- Die Here self is aan die woord en Hy beklemtoon dit dat die Here dit as egbreuk sien as jy maar net verkeerde gedagtes het.
- Die ewels van vrye liefde en saamwonery val ook onder hierdie gebod.

Die Here laat hieroor geen redenasie toe nie.

- Hy maak dit duidelik dat die mens wat in hierdie opsig sonde doen, sy waardes sal moet aanpas – anders gaan die Here hom veroordeel.
- Dit gaan altyd in 'n beginselsaak – dus ook in hierdie saak – nooit oor die standaard wat ons stel nie, maar net oor die standaard wat God stel.

Die sewende gebod is 'n appèl dat ons heilig moet lewe.

- Dit is in ons tyd 'n baie noodsaaklike gebod, want baie mense sien die huwelik nie meer as 'n goddelike instelling nie.
- Vir hulle is dit 'n gewone kontrak wat na menslike willekeur tot niet gemaak kan word. As mense so maklik skei soos wat dit deesdae gebeur, word die heiligheid van die Here uit hierdie verbintenis uitgehaal.

Almal is nie ewe skuldig aan hierdie gebod nie, daarom moet ons ook kyk na die **genade wat deur hierdie gebod verkondig word.**

- Die sewende gebod is ook 'n versugting van die mens dat hy graag heilig wil lewe en homself suiwer wil hou.
- Hy wil graag van hierdie gebod van die Here hoor omdat die sonde elke oomblik vir ons voor die deur staan en wag.
- Hierdie gebod word dan vir ons 'n krag wat ons ook op hierdie vlak tot gebed aanspoor dat die Heilige Gees ons in ons insigte en drifte moet lei en beskerm.

Hierdie gebod het ook 'n **opvoedingsroeping**. Ons het kinders wat grootword.

- Hierdie gebod moet hulle van kleins af leer om te streef na liggaamlike heiligheid.
- Hulle moet van jongs af verstaan dat die teenwoordigheid van die Here hulle lewens deurgeur.
- Hulle moet dus begryp dat hulle 'n roeping het om enersyds heilig te lewe, maar andersyds ook dat as ons hierdie gebod nie nakom nie, die Here in sy alomteenwoordigheid bewus is van wat ons doen.

Hierdie gebod het ook 'n **bekeringsroeping**.

- Daar is groepe onder die mensdom wat vrye liefde as deel van ontspanning en van kultusrituele beoefen.
- Die duidelikste voorbeeld hiervan is Satanisme – maar moenie dink dat ons eie kinders altyd heeltemal vry is van die invloed van hierdie groepe nie, want baie van die byeenkomste en partytjies waarheen kinders soms gaan, dra die vlag van hierdie okkulte met onder andere vrye liefde as tema.

Hierdie dinge laat mens onwillekeurig dink aan die keer toe die Here sy volk gewaarsku het teen die vreemde invloede wat van ander volke en kulture af kom.

- Die Here het hulle eintlik beveel om al hierdie mense dood te maak. Hy het dit soos volg gemotiveer:

Julle sal julle seuns met hulle dogters laat trou, en wanneer hulle dogters onsedelikheid bedryf in die verering van hulle gode, sal hulle julle seuns tot dieselfde soort onsedelikheid verlei. (Eksodus 34:16 AFR53)

Dit is nie net partytjies en kultusse wat die opvoeding van ons kinders bedreig nie. Die TV en radio doen dieselfde.

- Daar is talle tonele op die TV wat direk teen die sewende gebod ingaan. Ons almal moet versigtig wees vir die manier waarop ons met hierdie dinge omgaan.
- Op gelyke vlak doen die radio kort-kort 'n oproep op veilige seks, in plaas van om algehele onthouding buite die huwelik te propageer.

Die Here Jesus is nie ongenadig met mense wat hierdie gebod oortree het maar met berou tot bekering kom nie.

- Die Here Jesus het by verskeie geleenthede prakties gewys hoe sy versoening op hierdie sonde van toepassing is.
- Hy het elke keer – soos vir die owerspelige vrou – gesê dat Hy haar nie veroordeel nie, en dat sy net nie weer moet sondig nie.
- Hy het haar weggestuur met die wete dat sy volkome vergewe is en in sy versoenende liefde kan verder gaan met haar lewe.

As mense wat vernuut is deur die verlossing wat Jesus bewerk het, moet ons stry teen alle vorme van onkuisheid.

- Hy het ons verander en sy Gees oor ons uitgestort sodat ons in sy Naam die krag het om te kan stry teen hierdie sonde.
- Hy het ook gesterf sodat die wat van die oortreding van hierdie gebod bekeer geraak het, in sy koninkryk kan ingaan.
- Hy het ons juis versoen sodat sy Heilige Gees in ons rein liggeme kan woon – en Hom verlustig in hierdie tempels, naamlik ons liggeme.

Kom ons lees Kategismus Sondag 41 saam.

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: *Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).*
(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: *Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuisse daede, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).*
(a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:8 (p. 701)

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 27 Maart 2005

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum 2 Februarie 2014